
# Kompas vir Geloof

## Oordenkinge oor Jakobus



Louis Nel

# Kompas vir Geloof

Oordenkinge oor Jakobus

Louis Nel

Januarie 2022

Mosbolletjie
Boeke
www.dagstukkie.co.za

1 Glo en Doen
2 Beproewinge
3 Versoekings
4 Om te Luister
5 Hoor en Doen
6 Diskriminasie
7 Geloof en Werke
8 Die Tong, o die Tong!
9 Die Tong is 'n Vuur
10 Bitterfontein se Soet Water
11 Ware Wysheid
12 Begeertes
13 Onafhanklik
14 Afhanklikheid
15 Wagtyd
16 Om Geduldig te Wag

# 1

# Glo en Doen

## Inleiding tot Jakobus

VIDEO OUDIO

Met die aanbreek van 2020 het kerkwees totaal verander toe die Covid-pandemie die wêreld tref. Toe ons nie meer kon kerkhou nie, word kerke geforseer om eredienste op Youtube uit te saai. En skielik begin ons besef hoeveel verskillende kerke daar werklik is! Maar watter kerk is nou die regte kerk?

Om sake te vererger, kom ons agter dat daar boonop ‘n groot aantal hoofstroom-gelowe, soos

Islam, Hindoeïsme, Christendom, Judaïsme en Bhuddisme is. En dan is daar nog die draadsitters soos New Age. Verseker glo ek en jy as Christen dat daar slegs één ware geloof is, naamlik die Christelike geloof. Maar selfs binne die Christelike geloof is daar talle wyd-uiteenlopende strominge wat letterlik soos dag en nag van mekaar verskil. Die vraag is: as ‘n totale heiden vandag tot bekering kom en hy word voor die keuse gestel om te kies na watter kerk hy wil gaan, hoe moet hy kies? Watter een verkondig die ware geloof?

Verder is daar die vraag oor

watter doop die “regte” doop is, die “regte” manier van nagmaalbediening of selfs die “regte” soort van partypolitiek. 'n Tiental jare gelede was apartheid ‘n reuse stryd binne die Afrikaanse kerke, en het dit selfs tot kerkskeuring gelei. Vandag is dit weer die hele gay-kwessie wat maar nie wil gaan lê nie. Daar is gladnie eenstemmigheid oor hoe om die netelige saak te benader nie. Diskriminasie, nepotisme, onbevoegdheid, omgekeerde diskriminasie, rassisme, korrupsie - hierdie dinge kom kort-kort in die gedrang in kerke. Dit is dinge soos hierdie wat veroorsaak dat

kerke hoë grensmure tussen hulleself bou. Dit is ook vrae soos hierdie wat kerklidmate dikwels verwar, en wat ‘n mens laat vra: “Maar wat is dan reg? Watter kerk het die regte antwoord? Wie moet ek glo? Watter kerk verkondig die Woord reg?”

Jakobus bied ‘n baie interessante perspektief op baie van hierdie eeue oue vraagstukke. Sy argument in Jak. 2:14-26 is dat glo en doen bymekaar moet uitkom. Sonder om te doen kan jy nie glo nie, maar aan die ander kant kan jy ook nie doen sonder glo nie. Jou geloof is alleen reg as jou dade wys dat dit reg is!

Maar selfs hierdie uitspraak van Jakobus het al gelei tot verdeeldheid, selfs onder groot kerkleiers. So het Martin Luther byvoorbeeld geglo dat Jakobus hier te ver gegaan het, en dat hy die saak van dade oorbeklemtoon het. Die ander groot gees van sy tyd, Johannes Calvyn, was weer van mening dat Jakobus die spyker op die kop slaan! Hy het baie lof gehad vir Jakobus se praktiese manier waarop hy die kwessies hanteer.

Dit is op grond van hierdie uitgangspunt wat Jakobus praat oor dinge wat selfs in ons moderne tyd dikwels moeilike

vraagstukke word: armoede, rykdom, versoeking, beproewing, diskriminasie, aanvaarding van mense, vryheid van spraak en die beheersing van die tong. Gemoedere het onlangs weer baie hoog geloop oor rassistiese aanmerkings wat gemaak is van alle kante af. En met behulp van die sosiale media word sulke uitsprake soos 'n weghol veldbrand versprei, en binne ure is die hele wêreld aan die brand! Hierdie is kwessies wat nie alleen daagliks voorbladstories in ons koerante maak nie, maar dikwels selfs in die kerk soos ‘n sweer oopbars. Na soveel eeue sit ons

steeds met dieselfde gebroke verhoudings.

Predikante is gewoonlik ook nie baie lief daarvoor om oor Jakobus te preek nie. Ons wil graag hoor wat God vir ons gedoen het en steeds doen. Ons wil egter nie so graag hoor wat ons vir God moet doen nie. Dis dan nie meer so lekker nie! Om genade te ontvang is heerlik, dis Goddelik. En natúúrlik is dit ook hééltemal reg! Om egter genade uit te deel aan ander mense is ‘n stryd. Ons hou nie daarvan om te hoor dat ons geloof in die gedrang raak as ons nie ook skouer aan die wiel sit en iets moet doen om ons geloof te

bewys nie.

Jakobus se stem moet baie beslis vandag in die prediking gehoor word, en hy het ‘n welverdiende plek in die Bybel. Die Christelike geloof raak absoluut élke faset van die lewe, ook die manier waarop ons met ander mense in die wêreld saamleef. Wanneer ons dus hierdie boek lees, moet ons baie duidelik besef dat Jakobus nie alleen vir sy eie gemeente of vir die mense van sy tyd geskryf het nie, maar pertinent ook vir jou en my vandag. As ons maar net gaan kyk na die inleiding tot sy brief, sien ons dat hy dit rig “aan die

twaalf stamme wat oor die wêreld versprei is" (1:1). Dit is dus gerig aan alle Christene regoor die wêreld, deur alle tye, die nuwe volk van God.

Ek nooi jou uit om saam met my oor die volgende paar weke te leer uit hierdie merkwaardige, afgeskeepte boek.

Gebed:

Here, my gebed is dat U my hart en gemoed en verstand sal oopmaak vir die waarhede wat opgesluit is in Jakobus. Waar dit soms gaan seermaak, vra ek ook dat U my die moed sal gee om dit ter harte te neem en die krag om

reg te maak waar ek nie leef soos U dit van my vra nie.

# 2

# Beproewinge

# Jakobus 1:1-11

VIDEO OUDIO

Het jy al ooit in jou lewe noustrop getrek? Ek dink elkeen van ons kan die een of ander verhaal vertel van tye waar dit rêrag swaar gegaan het. Ek en Mosbolletjie was jonk getroud toe ek my werk verloor het. Ek is ‘n betrekking aangebied in Welkom vir ‘n karige salarissie in ‘n Christelike boekwinkel. Die ou geldjie wat ek verdien het, het ons elke maand so net-net deur die drif getrek. Op ‘n keer, so pas

nadat ek my maandelikse salaris ontvang het, gaan doen Mosbolletjie inkopies in die supermark. En daar word haar beursie gesteel met ons hele maand se salaris in. Ons spens was leeg, en ons het kindertjies gehad om voor kos te gee. Ons was behóórlik in die knyp!

Daar het ‘n klein lappie knolkool en ‘n laning turksvye naby die huis gestaan. Die knolkool het ons op enige manier probeer gaarmaak, maar dit het goor bly smaak. Die turksvye was egter ‘n baie smaakliker opsie, en dit het ons deur die maand gedra, wonder-bo-wonder sonder enige

komplikasies!

Beproewing! En hét ons toe hárd gebid! Baie jare later sou daar wéér sulke beproewings kom, en sommer baie erger nog. Dan vra jy telkens: “Waarom Here?”

Het jy al ooit gesien hoe hierdie pragtige smee-yster kunswerke gemaak word? ‘n Stuk “rou” staal word in ‘n vuur verhit totdat hy rooiwarm is. ‘n Gewone vuur is nie eers naastenby warm genoeg vir daardie proses nie, en ‘n blaasbalk moet ingespan word om die temperatuur van die vuur op te jaag totdat die witwarm vonke spat. Dan word die yster uitgehaal en op ‘n aambeeld met

‘n groot hamer geslaan om die regte vorm te kry. As hy begin afkoel gaan hy terug vuur toe, en so word die proses herhaal totdat hy uiteindelik presies die regte vorm het.

Jakobus 1:1-11 bestaan uit vier dele: eerstens sy groet, dan praat hy met die arm gelowige wat allerlei beproewings ervaar. Derdens kom die belangrikheid van gebed wanneer jy noustrop trek. Die vierde deel handel oor die skatryk ongelowige wat op die oog af floreer en niks kortkom nie.

Die gelowige is soos daardie stuk rou staal, wat op sigself nutteloos is, buiten om miskien ‘n deur oop

te hou. Dit raak eers nuttig wanneer dit in die vuur beland en gehamer word. Nét so het die gelowige vorming nodig, en dit is baie beslis nie maklik nie. Om uiteindelik ‘n delikate kunswerk te word, moet die staal enduit verhit, gehamer en gevorm word. Presies nét so moet die gelowige bereid wees om die vorming en beproewings enduit te verdra. Jy moet enduit volhou en aanhou om goed te doen. Volhard in die geloof. Bid sonder ophou. Dalk sal jou vriende jou spot of selfs verlaat. Jy sál teenkanting kry van jou vriende, familie of dalk selfs jou gesin. Moenie maar net

tevrede wees om elke dag ‘n ou versie uit die Bybel te lees nie. Soek die wil van God in sy Woord.

Dan is daar die kwessie van gebed, gelowige gebed! As jy gelowig bid, sal God vir jou gee waarvoor jy vra. Hier gaan dit nie oor 'n inkopielys-gebed nie, maar om gebed vir wysheid oor hoe jy moet optree wanneer dit byvoorbeeld met jou sleg gaan. Dit help nie dat jy bid, en jy het nie geloof oftewel ‘n vaste vertroue dat God jou sal antwoord nie. Volgens Jakobus is geloof ook gekoppel aan dit wat jy doen. As jy byvoorbeeld bid dat die

Here jou deur die eksamen sal help, sal jou gebed nutteloos wees as jy dan maar net gaan terugsit en dink dat al die kennis in jou kop gaan inval. Natuurlik sal dit ook van jou verg om hard te werk, en te studeer. God sal Sy kant bring, maar Hy vra ook van jou om jóú kant te bring.

Gebed sonder geloof is ook nutteloos. Jakobus beskryf dit so treffend met die beeld van branders wat heen en weer deur die see geslinger word en nêrens kom nie. Dikwels sê mense dat dit voel asof hulle gebed teen die plafon vasslaan, en nie by God uitkom nie. Hierdie is ongelowige

gebed. Ek kan oor en oor en oor getuig van gebedsverhoring. Ek het al duisende dagstukkies die wêreld ingestuur, en elke dag wanneer ek gaan sit om dit te skryf, gee God vir my die boodskap om te skryf. Nog nooit het ek gaan sit en nie geweet wat om te skryf nie. God is getrou! Maar Hy vra van my om eers te bid en my totale afhanklikheid van Hom te erken.

Die derde kwessie waaroor Jakobus hier skryf is die ryk ongelowige. So dikwels gebeur dit dat ek as gelowige swaarkry beleef terwyl ek sien hoedat die ongelowige floreer. Jakobus

beskryf hom treffend as ‘n veldblommetjie wat pragtig in die mooiste kleure staan solank dit goed gaan. As die warm bergwind egter opkom en die son skyn in al sy glorie, dan verskroei hy. Dit gaan nie hier oor rykdom nie, maar geloof. Ek het al menigmaal gesien hoedat gelowiges staande bly ten spyte van die haglikste omstandighede, want hulle hou styf aan God se hand vas en daar is steeds hoop. En dan het ek ook al gesien hoedat ‘n ongelowige verpletter word wanneer die mat onder hom uitgetrek word. Dan voel dit vir hom asof daar géén hoop is nie, want daar is niemand

om hom staande te hou nie. Die ongelowige sien ‘n krisis as straf; die gelowige sien dit as loutering om nader aan God te beweeg en bruikbaar te word vir Sy Koninkryk.

Gebed:

Here, hou my asseblief staande deur my beproewinge, en maak my dankbaar daarin.

3

# Versoekings

# Jakobus 1:12-18

VIDEO OUDIO

'n Klompie jare gelede kuier 'n ou omie en tannie in Satara in die Kruger Wildtuin. Vroegoggend gaan ry hulle om diere te kyk. Laatoggend sien hulle 'n manjefieke ou olifantbul ‘n hele ent van die pad af. Maar die ou logge dier is hééltemal te ver na die ou korrelkop-omie se smaak. Soos die “toeval” dit wil hê, loop daar 'n klein grondpaadjie reguit na die ou kolos toe. By die ingang van die paadjie is daar 'n groot,

bloedrooi bord met die waarskuwing: **GEEN TOEGANG!** Hy kyk in die paadjie af, en hy sien dat die pad hééI gangbaar is. Die versoeking is baie groot en nét daar swaai hy die motor se neus in die verbode paadjie in.

Die ou tannie protesteer héftig, maar hy hou hom doof vir haar gekerm. Hy het klaar besluit dat hy nader wil ry en soos gewoonlik kry hy sy sin en neem 'n paar kiekies van die grys gevaarte. Toe hy egter wil omdraai, kom hy agter dat die paadjie te nou is vir omdraai. Tot die tannie se groot ontsteltenis ry hy toe maar verder aan om iewers daar voor 'n

omdraaiplek te soek.

Etlike kilometers verder ry hulle deur 'n sanddriffie en daar val hulle karretjie vas. “Ek het jou mos gesê!” beskuldig die ou tannie, maar dis gedane sake. Die omie spook en spartel, maar dis puur verniet. Hulle sít!

En hulle wag, want iemand sou hulle mos kom red.....?

Die ongenadige Laeveldson sit naderhand hoog en die arme twee oues van dae wil doodgaan van die hitte en dors. Laatmiddag neem die ou korrelkop-omie 'n besluit: “Ek gaan water soek!” Oumatjie soebat en smeek en

dreig en protesteer, maar hy het klaar besluit. En so, met 'n hol dingetjie in die hand vat hy pad. Wonder bo wonder kry hy 'n ou watertjie so net voor die son begin water trek.

Maar met die omdraaislag tref die ongeluk hom: uit die hoek van sy oog sien hy die beweging, en onmiddellik besef hy dat hy in gróót moeilikheid is. Gelukkig skop sy adrenalien in, en voordat Vuilbaard naby hom kan kom, bestyg die omie 'n boom in rekordtyd en klim so hoog as wat sy senuwees en kragte hom toelaat. En daar sit hy met kloppende hart en afkyk na die

leeugesin wat hulle nuuskierig hier onder sy boom kom tuismaak.

Dit word donker! En hy kan hom nie roer nie.

Intussen sit die ou tannie in die grootste angs in die motor. Dis al pikdonker en haar ou man daag nie op nie. Sy sien al in haar geestesoog hoe hy deur 'n trop leeus opgevreet word. Boonop hoor sy die hele nag lank dieregeluide rondom die vasgevalle motortjie, en sy sterf tien dode!

In Satara merk 'n skoonmaker die volgende oggend dat daar

niemand in hulle rondawel geslaap het nie, en sy maak alarm. En so begin die groot soektog na die twee vermiste oumense.

Intussen het die omie darem ook teen ligdag kon ontsnap en hy is baie haastig terug na sy motor, waar hy 'n histeriese ou tannie aantref. Uiteindelik, na twee dae is die twee deur middel van 'n helikopter opgespoor en wonder bo wonder het hulle oorleef. Die omie se swig voor 'n versoeking het so byna-byna hulle lewens gekos!

Het die Here hierdie versoeking op die omie se pad geplaas?

Nee! God versoek niemand nie! “Ek word deur God versoek”, is ‘n tipiese verskoning van die hedonisme. Ja, daar is selfs “Christelike hedonisme” waar mense uit die Bybel aanhaal uit die Onse Vader gebed in Mat. 6:13: “En bring ons nie in versoeking nie” wat kwansuis “bewys” dat God mense versoek. Die 1983 vertaling probeer om hierdie misverstand op te klaar deur dit te vertaal met: “Laat ons nie in die versoeking kom nie.”

God kan nie verlei word nie! So lees ons duidelik in Jak. 1:13, en daarom verlei Hy ook niemand nie. Die oorsprong van verleiding

kom van binne jou sondige self, jou eie begeertes. Dis soos ‘n verleidelike vrou wat ‘n man saamsleep bed toe. Volgens Jakobus 1:15 is die gevolg van hierdie “nag van passie” ‘n baba wat gebore word (sonde) en as hierdie baba groot (ryp) word, gee dit op sy beurt geboorte aan die verderf of ewige dood .

Lynreg teenoor die vernietigende effek van die menslike begeerte staan die Woord van die Waarheid. Jakobus beklemtoon dit dat elke goeie gawe en volmaakte geskenk van God af kom. Hy het tog immers die uitspansel geskep, die son en

maan en sterre om vir mense lig te gee. O ja, hulle wissel en verander gedurig, maar God verander nooit. Hy bly standvastig, onveranderlik. God herskep vandag mense deur die hemelse lig van sy Woord in ons te plant. In teenstelling met begeertes en versoekings, gee God se Woord vir ons die ewige lewe. So word ons die "eerstelinge van Sy skepsels" (Jak. 1:18). Die gebruik was dat die "eerstelinge" van die oes aan God afgestaan moes word. Die heerlike betekenis hiervan is dan dat ons as gelowiges as "eerstelinge" aan God behoort, en

bedoel is vir die hemel.

Moenie toelaat dat die duiwel se versoekings jou van die ewige lewe beroof nie. Hou die oë gevestig op Jesus en leef jou Christenskap voluit.

Gebed:

Here, die versoekings van die lewe is dikwels so groot en aanloklik. Hou asseblief my hand styf vas en help my om enduit te volhard sonder om voor hulle te swig.

# 4

# Om te Luister

## Jakobus 1:19-27

VIDEO OUDIO

Het jy al ooit die moeite gedoen om maar net te gaan sit en luister? Eintlik is dit 'n baie moeilike ding om te doen. Toe ek dit die eerste keer probeer het, het ek na minder as 'n minuut tou opgegooi, want ek het dan absoluut niks gehoor nie! Daar was net mooi niks om na te luister nie! Die aanbieder het langs ‘n asemrowende woud in die pragtige dorpie Eshowe, vir ‘n groep van ons gesê dat ons nie

hard genoeg probeer luister nie. Ons moes vir minstens vyf minute doodstil sit, met ons oë styf toe en elke moontlike geluidjie indrink.

Na ‘n ruk se doodse stilte het ek uiteindelik die sagte geritsel van die windjie deur die bome se blare begin waarneem, toe 'n voëltjie wat iewers daar buite tjirp. Verweg kon ek die klokhelder laggie van kindertjies wat iewers speel, hoor. Hierdie dinge het ek só as vanselfsprekend aanvaar, dat ek hulle nog nooit “gehoor” het nie!

Ons is geneig om só vasgevang te wees in ons probleme of doen en late dat ons verleer hoe om

waarlik te luister. Ek is sélf hiervan ‘n uitstekende voorbeeld, en dikwels is ek in die moeilikheid omdat ek alweer nie geluister het as my arme, moedelose Mosbolletjie vir my iets sê nie, want my gedagtes was elders!

Waarom sukkel ons so om te kan luister? Een rede is moontlik omdat ons self te veel wil praat. My eie opinie is baie belangriker as my gespreksgenoot s’n. Ek was al dikwels baie gefrustreerd wanneer iemand ‘n staaltjie vertel wat my herinner aan iets soortgelyk wat ek beleef het. Wanneer ek dan my eie storie wil vertel, dan voel dit asof die ander

persoon so vasgevang is in sy eie storie, dat hy myne gladnie eers hoor nie.

Is ons nie maar almal skuldig daaraan dat ons eerder wil praat as om te luister nie? Ek brand só om my eie storie te vertel, dat ek nie die ander persoon se nood kan hoor nie. Ek is só kwaad vir die persoon wat my tená gekom het, dat ek hom nie ‘n kans wil gee om sy kant te stel nie. Erger nog, ek hoor nie eers wanneer hy sê hy is jammer nie!

Dieselfde geld wanneer ek met God praat in my gebed. Ek rammel my inkopielys af terwyl ek babbel en vra vir dit en dat en

nogwat. My gebedslewe draai dikwels slegs rondom my eie behoeftes! Selfs as ek vir my land, my gemeente en my gesin bid, is dit dikwels selfsugtig, en deur die hele gebed weerklink die woorde, "Gee, gee, gee ….. asseblieftog!"

Gebed is 'n gesprek met God, eintlik 'n **TWEEGESPREK!** In my gesprek met God moet ek bereid wees om ook te kan luister en soms net stil wees om God se stem te hoor. Toe Elia moedeloos gevlug het voor die wraak van Isebel na die berg Horeb, het hy God ervaar in die sagte fluistering van die aandluggie (1 Kon 19).

Hierdie profeet het gepreek en mense moes na hom luister. Nou moes hy leer om net na God se sagte fluisterstem te luister.

Dalk is die een groot probleem met gebed, dat ons gans te haastig is om ons gebed afgehandel te kry, gou ‘n paar goed te vra en dan weer verder te jaag met ons lewens. Het jy al ooit die moeite gedoen om waarlik stil te gaan word voor die Here? Vir hoe lank kan jy aanhou bid? Vir die meeste gelowiges is 5 minute in gebed gans te lank. Dit voel waarlik soos ‘n ewigheid! Ons moet eintlik leer hoe om waarlik met God te kan gesels.

Maar hoe doen ek dit?

Gebruik hulpmiddels wat jou gedagtegang rig. By Jerigo Mure se webwerf http://www.jwipn.com is daar gebedsgidse beskikbaar wat help om jou gedagtes te fokus. Wanneer jy so ‘n gebedsgids gebruik, leer jy om nie alleen voor God stil te word nie, maar ook om intens na Hom te luister. As jy daar uitgekom het, het Gebed vir jou ‘n ware tweegesprek met God geword.

Dieselfde geld natuurlik ook wanneer ek die Bybel lees. Om maar net vinnig ‘n stukkie uit die Woord te lees, help niks, veral as ek dit doen om my gewete te sus!

Dit is, om die waarheid te sê, disrespekvol teenoor die Woord van God, want dan word die Woord vir iets totaal anders gebruik as waarvoor dit bedoel is. Om waarlik met die Woord te kan omgaan, moet jy eers stil raak voor die Here sodat jy jou hart kan instel om God se Woord te ontvang. Jy moet as't ware jou geestes-ore instel om te kan hoor wat God vir jou uit die Woord wil sê. En dan moet jy werklik met 'n oop gemoed lees. Vra jouself die vraag: Watter opdrag kry ek uit die gedeelte wat ek gelees het? Daar sal natuurlik nie elke keer 'n opdrag wees nie. Volgende kan jy

jouself vra: Watter waarskuwings is daar vir my in die gedeelte opgesluit? En dan weer: Watter beloftes gee die Here my uit die Skrifgedeelte?

Dikwels wil jy te diep delf om agter die kap van die byl te kom. Daar is absoluut niks daarmee verkeerd om kommentare te gebruik om presies te kan verstaan wat daar bedoel word nie, maar soms is dit goed dat jy maar net die Woord indrink en jou gemoed oopmaak sodat jy God se stem daaruit kan hoor.

Gebed:

Here, maak dit asseblief stil in my

hart dat ek U stem kan hoor in my lewe.

# 5

# Hoor en Doen

## Jakobus 1:19-27

VIDEO OUDIO

Hoe luister ‘n mens? In die eerste plek moet jy kennis neem van dit wat vir jou gesê word. In my geval neem ek dikwels nie eers kennis nie - dit waai sommer by die een oor in en die ander uit sonder dat dit êrens kante geraak het! Om te luister beteken egter ook nie net ‘n passiewe hoor en kennis neem nie. Dit beteken boonop dat jy iets doen omtrent dít wat jy gehoor het. As ek in die oggend in die spieël kyk, sien ek ‘n

angswekkende gesig, een met dikgeslaapte oë, ‘n stoppelbaard en deurmekaar hare. As ek nou net omdraai en vergeet wat ek gesien het en só die dag instap, sal ek baie gou daarvan hoor! Daardie gesig in die spieël spoor my egter aan om minstens my gesig te was, my vergeelde ry mieliepitte te skrop, te skeer en my hare te kam. Nét so moet ek ook, wanneer ek God se stem hoor, reageer daarop. God se Woord is soos ‘n spieël vir my waarin ek my eie lewe kan sien, maar dit help nie dat ek maar net sien en kennis neem nie. Ek moet gaan regmaak wat ek daarin

verkeerd sien!

Mans kyk gewoonlik net so skrams na ‘n spieël, en sien net die oppervlakkige, terwyl die skoner geslag hulle kan verdiep in wat sy in daardie spieëlbeeld sien. So moet ons ook luister na God se stem uit die Woord. Nie woerts-warts oppervlakkig soos ‘n man in ‘n spieël kyk nie, maar ons moet ons verdiep daarin sodat ons elke plooi en rimpel behoorlik kan raaksien. En dan moet ons dit gaan regmaak!

In die praktyk beteken dit dat ‘n gelowige moet gaan kyk wat in die Woord staan, en dan gaan regmaak waar hy nie leef volgens

God se wil nie. As ons byvoorbeeld lees wat Paulus skryf in Kolossense 3, waar hy sê dat die gelowige woede, haat, nyd, gevloek, vuil taal en leuens moet laat staan, dan moet ons nie maar net kennis neem nie maar werk maak daarvan. En waar hy verder skryf dat ons meelewend, goedgesind, nederig, sagmoedig, geduldig, verdraagsaam en vergewensgesind moet wees, moet ons waarlik skouer aan die wiel sit en werk daarvan maak om hierdie mooi dinge in ons lewens te implementeer.

Dit bring ons terug na die begin van daardie gesprek van gister,

want een van die belangrikste foute wat in ‘n mens se lewe is, is juis die feit dat jy baie meer praat as luister. Gewoonlik is jou tong totaal buite beheer, en jy sê dinge wat ander mense seermaak. Jakobus sê dat as jy dink dat jy godsdienstig is, en jy nie jou tong in toom kan hou nie, dan bedrieg jy jouself. Dan is jou godsdiens waardeloos! (Jak. 1:26)

O die liewe ou tong van ons! So ‘n handige instrument, maar terselfdertyd net so gevaarlik. Paulus het die tong beskryf soos ‘n skip se roer, ‘n relatief klein instrument maar hy kan die skip stuur nét waarheen die stuurman

die roer draai. En so is die tong ook maar ‘n ou klein weggesteekte deeltjie van die liggaam, maar sy krag is baie groot. Sê jy iets kwetsend vir iemand, kan dit vir daardie persoon soos ‘n dolk-steek wees. Jy kan hom baie seer maak met blote woorde. Deur die waarheid te verdraai kan jy veroorsaak dat iemand onskuldig in die moeilikheid kom. En selfs deur die waarheid te praat op die verkeerde tyd en konteks, kan verskriklike gevolge inhou!

Maar daar is ook ander maniere om jou tong verkeerd te gebruik. Sekere van ons land se top

kunstenaars (laat ek liewer maar nie name noem nie) is baie gewild, júís oor hulle vieslike taalgebruik. Vuil taal, gevloek en selfs die ydellike gebruik van God se heilige Naam, is dikwels die algemene gang van hulle vertonings. Jy voel skoon vuil as jy net na hulle luister! Dit wat God mooi en rein en heilig geskep het, word bevuil en afgekraak en tot ‘n blote vloekwoord gereduseer deur sulke kunstenaars. En deur die ydellike gebruik van die Here se Naam, maak hulle ook van Hom ‘n bespotting en deel van hulle walglike gesprekke.

Die hartseer is dat ons naderhand

gewoond raak aan sulke taal, en dan hoor jy dit nie meer nie. Of erger nog, dat jy dit ook self begin gebruik! Dikwels word ‘n goeie, skoon grappie besoedel deur onnodig ‘n paar vieslike vloekwoorde in te gooi.

En met daardie selfde tong waarmee ons sulke vuil taal gebruik, loof ons ook vir God wanneer ons tot Hom bid en wanneer ons lofliedere sing. Dit is in die eerste plek waarvoor die tong gemaak is, om God te eer en aan Hom hulde te bring. Maar alles kom uit die hart. Wat die hart van vol is, loop die mond mos van oor - is dit nie waar nie?

As ek in die eerste plek bereid is om te luister na God se Woord, en my hart daarvoor oopmaak, sal dit my ore, my hart en ook my tong aanraak. Dan sal ek die noodkrete van ander mense begin hoor, dit ter harte neem en my woorde en dade aanwend om goed te doen eerder as om seer te maak. En om God te loof en prys, eerder as om vuil taal te gebruik.

Gebed:

Here, maak dit asseblief stil in my hart dat ek U stem kan hoor in my lewe. Help my asseblief om te lewe soos wat U van my vra, en ook om my tong in toom te hou

en reg te gebruik.

# 6

# Diskriminasie

# Jakobus 2:1-13

VIDEO OUDIO

Die deursnee besoeker aan die Kruger Wildtuin het net een ding in gedagte: "Ons wil leeus sien!" Daai skrikwekkende katte is immers reusagtig-groot en sterk en boonop die koning van die diere. En as hy brul ….. sjoe! Sy ontsagwekkende stem maak jou bene jellie. Hy is die jagter by uitstek, en niks en niemand staan in sy pad nie. Dus, as jy ry, is jou verwagting om daardie formidabele jagter van alle jagters

teë te kom.

Dis vroegoggend in Oom Paul se Wille Krugertuin. Die yskoue sonnetjie steek sy kop so skaam-skaam tussen die doringbome deur. In die motor borrel ons van opgewondenheid: gaan ons vandag vir Vuilbaard te siene kry? Ons draai af in ‘n grondpaadjie, want daar het ons dalk ‘n groter kans om die ou grote te kry. Skielik merk ons ‘n beweging in die vaal gras. Opgewonde soek ons die oorsprong daarvan. En dan die teleurstelling: dis maar net ‘n ou vaal, motgevrete hiëna met ‘n askies-lat-ek-hier-is gevreet en ‘n paar agterbene wat

lyk of hulle ‘n ander rigting wil loop as die spier-tier voorlyf. Die ou “wolf-met-die-mank-been” het die oumense hom genoem. Jy kan sommer sien hoe stink die ou ding! Hy móét mos stink, want hy leef mos van vrot vleis en ou bene! Sommer skoon vies vir hierdie gedrog, ry ons verder.

Wat is die ware feite? Die hiëna is nie noodwendig ‘n aasdier nie, maar hy is ‘n uitstekende jagter. Dikwels is dit nie hý wat die leeus se vangs aas nie maar juis eerder die leeus wat ‘n hiëna se vangs aas! As ’n wildkenner leeus wil lok, speel hulle opnames van die geluid wat hiënas by ’n vangs

maak. Dit maak mos nou van die leeu die verfoeilike aasdier! Of hoe? In sommige dele van Afrika is hiënas hoofsaaklik jagters, en slegs by uitsondering aasdiere. Hulle is ongelooflik sterk, en hulle kakebene het baie groter krag as dié van ‘n leeu. “En wat van die brul?” sou jy vra. Ek het een aand die voorreg gehad om sowat vyf meter van ‘n hiëna af te sit wat brul. Ja, jy het reg gehoor, hy het gebrul! Dit was ‘n oorverdowende brul wat my met groot ontsag gevul het en by enige leeubrul kon kersvashou!

Diskriminasie gebeur wanneer ons mense se waarde meet aan

hulle voorkoms. In Jakobus 2:1 staan daar baie duidelik: “Julle moenie iemand na die uiterlike beoordeel nie.” Daar is baie vorme van diskriminasie, en glo my, dit word daagliks op die een of ander wyse toegepas. Dikwels word daar teen vrouens gediskrimineer, veral wanneer dit kom by bevordering in die werksituasie. Die sterk man kry gewoonlik voorkeur, al is die vrou beter gekwalifiseer vir die pos. Kinders voel dikwels dat daar teen hulle gediskrimineer word, want daar word ‘n minderwaardige posisie aan hulle toegeken. Deesdae word daar

teen onderwysers gediskrimineer, want leerlinge kan maak net wat hulle wil, terwyl die arme onderwyser nie ‘n vinger mag verroer nie. As hy net durf ‘n bietjie streng praat met ‘n leerling, is hy in die sop! Rassediskriminasie is aan die orde van die dag na alle kante toe.

Vir Jakobus het dit veral gegaan oor sosiale diskriminasie. En nou hoor ek al hoe jy sê: “Beslis nie ekke nie!” Ja, so het Jakobus se eerste lesers seker ook gesê. Dan noem Jakobus ‘n voorbeeld: twee mense loop die kerk binne. Die eerste is stinkryk, met goue

ringe aan sy vingers. Die gemeentelede sien al sommer hoe die geld in die offergawekis gaan val. Nes ons vandag, sukkel hulle ook maar met finansies, en hierdie is ‘n gulde geleentheid om die gemeentekoffers weer propvol te maak! Die tweede ou wat instap lyk eerder of hy geld kom bedel as wat hy geld het om in die kis te gooi. Natuurlik maak hulle ‘n ophef van die ryke, en gee hom die beste sitplek in die kerk, en die arm ou moet maar op die vloer gaan sit, want daar is nie plek vir hom nie.

Jesus het self die wet opgesom in Mat. 22:39 toe Hy gesê het dat jy

jou naaste moet liefhê soos jouself. Om jou naaste lief te hê, beteken dan ook dat jy nie mag diskrimineer teen iemand nie, want deur te diskrimineer ontneem jy daardie persoon van sy lewensgeleenthede. Dit is byna soos om moord te pleeg! Jakobus maak dit baie duidelik dat as jy in een enkele opsig ‘n wet oortree, dan maak jy jou skuldig aan die verbreking van die hele wet van God! God vra van jou en my om te praat en op te tree in die lig van die wet wat vry maak, die wet van naasteliefde. (Jak 2:12)

Inderdaad is die teendeel ook

waar. As jy barmhartigheid betoon, triomfeer dit oor die oordeel wat jou eintlik op die oordeelsdag behoort te tref (Jak 2:13). Barmhartigheid is die teenvoeter vir diskriminasie. Jesus het dit uitgeleef tydens Sy tyd op aarde, tot walging van die kerkleiers toe Hy saam met die skuim, die sondaars en gehate tollenaars gaan eet het en selfs saam met Samaritane en heidene gekuier het.

Gebed:

Here, gee asseblief vir my ‘n hart van liefde - liefde teenoor my naaste, en vergewe my asseblief waar ek nog so dikwels teenoor

ander mense diskrimineer.

7

# Geloof en Werke

## Jakobus 2:14-26

VIDEO OUDIO

"Alles, alles is genade, onverdiende guns alleen." So lui die woorde van 'n bekende ou kerklied. En dan dink ek by myself: as absoluut alles net genade is, en ek weet dat ek uitverkies en gered is en op pad hemel toe, kan ek mos nou maar terugsit en die rit geniet? Ek hoef niks verder te doen nie, want my geloof, wat terloops, die Heilige Gees my gegee het, sal my deurdra tot in die ewigheid!

As jy ‘n lappie groente in jou agterplaas geplant het, kan jy mos maar terugsit en ‘n maand of twee later die sappigste groente pluk sonder om ‘n vinger te verroer, nie waar nie? In jou drome! Daar sal absoluut dadels van kom! Die bossies gaan dit verdring, dit gaan verdroog en die pestelensies gaan dit opvreet nog lank voor jy daarby kan kom. As jy die vrug wil pluk van jou arbeid, gaan dit kos dat jy daardie tuintjie vertroetel, bossies uittrek, bemes en water gee en die goggas verjaag. Eers dán sal jy resultate sien!

Baie mense sien hulle geloof ook

as ‘n individualistiese, persoonlike saak wat niemand anders raak nie. Ek lees my Bybel en bid, en verder moet niemand aan my torring nie, want my geloof is **MY** geloof. Sondag gaan ek kerk toe en ek luister na die dominee se preek, en daarna loop ek die kortste moontlike pad terug motor toe sonder om my met die ander mense te bemoei. My geloof raak nie ander mense nie! Dit het niks met énigiemand anders uit te waaie nie!

Dis nie geloof nie, sê Jakobus. Jou geloof moet sigbaar en tasbaar wees en beslis lewendig, anders is dit dood! Die dinge wat

jy doen moet jou geloof bevestig. Die vraag is of dit dan jou goeie dade is wat jou in die hemel bring? Baie beslis nie! Dit is alleen God se genade, maar jou geloof is soos daardie groentetuin: as daar nie gedurig aan gewerk word nie dan flop dit. Jakobus neem die voorbeeld van ’n baie vroom gemeentelid wat die allermooiste vir ’n persoon in nood toebid: “Gaan in vrede, word warm en word versadig.” Die arme man wat hierdie seën aanhoor, hét niks om aan te trek nie! En hy hét niks om te eet nie! Dit is nie ‘n **seënwens** wat hy nodig het nie, maar **kos en klere!**

Sê dan liewer niks en gee net iets vir sy behoeftes. Geloof moet oorgaan in dade.

Jakobus gaan verder en hy sê dat daar dalk ‘n teenargument kan wees, iets tipies uit een van Paulus se briewe, dat daar in ‘n gemeente verskillende gawes is, en dat een byvoorbeeld die gawe van geloof het en 'n ander weer die gawe van werke. Maar dan maak hy hierdie argument af as snert, want geloof is nie ‘n onsigbare ding wat net in die hart of kop is nie. Geloof is iets konkreet wat jy kan sien en ervaar.

Beteken my geloofsbelydenis dan

niks? Ek hoor nou die dag die verstommende verslag, dat 70% van Suid-Afrikaners Christene is. As dit wel die geval is, is ons land ‘n baie gelowige land, waarskynlik die gelowigste in die ganse wêreld! Jakobus sê egter dat ‘n geloofsbelydenis alléén nie sê dat jy ‘n gelowige is nie. Daar is ‘n baie mooi voorbeeld in Markus 5:7, waar ‘n mal man met die pragtigste geloofsbelydenis vorendag gekom het, toe hy Jesus aangespreek het as “Jesus, Seun van die Allerhoogste.” Maar hy was vrek bang vir Jesus want dit was 'n bose gees in hom wat gepraat

het. Etlike ander gevalle is ook aangeteken waar bose geeste Jesus erken het as die Seun van God. Jakobus sê dat die bose geeste (en by implikasie óók die duiwel) aan God glo en Hom erken.

Wat maak hulle geloof, asook daardie 70% Suid-Afrikaners s'n anders as my en jou geloof? Abraham word as voorbeeld genoem van wat ware geloof moet behels. Hy het God só onvoorwaardelik vertrou dat hy selfs bereid was om sy enigste seun en erfgenaam te offer op God se versoek. Dít is volle, onvoorwaardelike vertroue! Dis

immers wat geloof is! Verder sien ons ook die praktiese dóén. Abraham het nie alleen vertrou nie, maar fisies sy seun geneem en op die altaar vasgebind. Hy was op die punt om sy seun te slag toe God hom stop.

Die verhaal word vertel van die touloper wat ‘n vertoning gehou het by die Niagra waterval. Sy tou is oor die gevaarlike valle gespan, en hy het daar oorgedans en groot applous gekry. Toe vra hy aan die gehoor of hulle dink dat hy dit sou regkry om iemand op sy skouers oor die waterval te dra. Almal het saamgestem dat hy goed genoeg was om dit te

kon doen. Toe hy egter vir ‘n vrywilliger vra om op sy skouers te klim, was niemand bereid om dit te waag nie. Ware geloof is om die daad by die woord te voeg.

Inderdaad tel ons dade by God. Nee, dit is nie jou dade wat jou red nie, want soos ons aan die begin gesien het is absoluut alles genade. Dit is alleen die soenverdienste van Jesus wat ons kan red. Die vraag is egter wat jy met daardie geloof wat God jou gee, doen? Steek jy dit onder die spreekwoordelike maatemmer weg of laat jy dit blom? Die keuse is joune!

Gebed:

Dankie vir die geloof wat U my gegee het, Here. Gee my asseblief ook die ywer en krag om daardie geloof voluit te leef.

8

# Die Tong, o die Tong!

## Jakobus 3:1-3

VIDEO OUDIO

In my prille jeug het ek vuriglik politiek bedryf. Ek was ‘n Nasionalis in murg en been, en politieke vergaderings was vir my opwindend, veral die manier waarop mense mekaar kon slegsê en in die modder smeer. Natuurlik moes die ou wat die swartsmeerwerk doen aan mý kant van die draad staan. Dan was hy briljant! Staan hy egter aan die ander kant, is hy vuil en gemeen! Om die opposisie te

beledig, kom natuurlik al ‘n lang pad. Die beroemde Langenhoven het een oggend woedend sy opposisie in die parlement toegesnou: “Die helfte van hierdie parlement is 'n spul bobbejane!” Natuurlik was daar ‘n heftige reaksie hierop, en die speaker dring daarop aan dat Oom Neelsie sy kwetsende woorde terugtrek, waarop hy ewe bedeesd toegee: “Goed dan! Die helfte van die parlement is **NIE** bobbejane nie!” Nou wonder ‘n mens waarom die spul steeds nie tevrede was met sy verskoning nie…...

Vandag word politiekery egter

hééltemal te vêr gevoer. 'n "Goeie" dag in die parlement kan selfs as walglik beskryf word. Ek wil nie eers name uitsonder nie, want feitlik almal maak hulle skuldig aan skandelike gedrag. En hulle, die leiers van ons volk, is die mense waarna almal moet opsien as voorbeeld van hoe om jou te gedra!

Die punt is dat die dinge wat ‘n mens sê, veral as jy ‘n leier is, mense baie seer kan maak of groot probleme kan veroorsaak. Vat nou maar vir Hitler en hoe hy die massas opgesweep het met sy ongelooflike opruiende toesprake. Man-alleen het hy die

dood van baie miljoene mense veroorsaak met sy skerp tong. Idi Amin het dieselfde reg gekry, maar op ‘n baie kleiner skaal. Vandag is daar talle ander vlymskerp tonge – ek sal liewer nie name noem nie!

In vanoggend se gedeelte gaan dit egter nie oor politieke leiers nie, maar oor geestelike leiers. Jakobus praat spesifiek met enigeen wat die Woord op die een of ander wyse verkondig, of jy nou 'n dominee, 'n pastoor of lekeprediker is. In die beginjare van die kerk was daar ‘n oor-aanbod van leraars. Iemand wat ‘n predikant wou wees, moes

baklei vir daardie posisie, en die manier waarop hulle dit gedoen het was om ‘n openbare debat te hou oor die een of ander omstrede tema. Ongelukkig het die meedingende leraars nie net op die argument gekonsentreer nie, maar hulle het dikwels persoonlike aanvalle op hulle teenstanders geloots met beledigende taal. Om ‘n leraar te wees was ‘n baie gesogte posisie, want buiten vir die finansiële voordele en die status wat so ‘n beroep gee, is daar boonop geglo dat ‘n leraar voorkeurbehandeling in die hemel sou kry!

“Julle moenie almal leermeesters wil wees nie!” So probeer Jakobus hierdie situasie beheer, maar sy betoog gaan eintlik oor die manier waarop hierdie mense mekaar beswadder. Inderdaad is leraars ook maar net mense wat dikwels in baie opsigte struikel. Dikwels sê ‘n leraar óók dinge wat hy later berou! As jy egter ‘n leraar wil wees, moet jy tweekeer so hard werk om die volmaaktheid na te streef, want jy stel die voorbeeld aan jou gemeente. As die leraar sou skinder, sal die gemeente ook skinder, net baie erger, want die dominee wys mos dat dit nie

verkeerd is nie!

Om ‘n mooi, voorbeeldige lewe te leef is nie so moeilik nie, veral nie vir ‘n leraar nie. Met ‘n bietjie dissipline leer jy gou om jou drange te beheer en om ‘n voorbeeld te stel in alle aspekte van die lewe. Dit is maklik om die mooi dinge te doen soos om siekes te besoek en te troos waar daar droefheid is. Om egter jou tong te beheer, is 'n perd van 'n héél ander kleur! Dit vat net één enkele moedswillige kêrel wat jou goed kwaad maak om jou ‘n totaal onverantwoordelike ding te laat sê. ‘n Vorige predikant in ons gemeente is vir ‘n paar maande

geskors deur een enkele ondeurdagte sinnetjie tydens ‘n preek.

Ek verkies dit natuurlik baie eerder om te skryf as om te praat, want wanneer jy jou gedagtes op papier neerskryf, veral wanneer hulle woedende en onstuimige gedagtes is, kan jy eers daaroor gaan nadink, dit bepeins, heroorweeg en veral daaroor bid voordat jy dit vir die betrokke persoon gee. Hopelik kom jy betyds tot besinning en haal alles wat kwetsend is uit. Hopelik koel jy betyds af. Ek bid gedurig dat ek nie iets kwetsend skryf in hierdie dagstukkies nie, want dit is so

maklik om iets te skryf wat iemand dalk onnodig kan seermaak.

Wanneer jy praat, is daar ongelukkig nie geleentheid om wat kwetsend is later uit te haal nie!

Die spreekwoord sê mos: “Wat die hart van vol is, loop die mond van oor”. Alles begin deur die regte gesindheid. As jy die regte hartsgesindheid het, sal die regte woorde outomaties oor jou lippe kom. Jakobus noem die voorbeeld van ‘n fontein wat nie soet én bitter water gelyktydig lewer nie, en ‘n boom wat nie gelyktydig goeie én slegte vrugte

dra nie. Die dinge wat jy sê weerspieël dít wat in jou binneste aangaan.

Gebed:

Here, my innige gebed is dat U my die krag sal gee om my tong in beheer te hou.

# 9

# Die Tong is 'n Vuur

## Jakobus 3:4-6

VIDEO OUDIO

In volslae verwondering staar ek na die reuse vlamme oorkant die heining. My hart bons onstuimig in my borskas: as daar nou skielik 'n wind moet opsteek, word ons verswelg deur die vlammehel!

Die “hartbeeshuisie” waar ons bly, is omring deur suikerlande. Die suikerriet het geil op die land gestaan, gereed vir die oes. Dit was 'n goeie jaar en die riet was baie mooi, dik, lank en lenig en met 'n welige loof. Dit is geplant

tot feitlik teenaan ons grensdraad. Die landerye hier is aangelê teen baie skuins koppies wat dit plek-plek totaal onmoontlik maak om by te kom met 'n voertuig. Dus is daar géén manier om die riet meganies te oes nie. Alles moet met die hand gedoen word.

Om suikerriet so te oes, veral wanneer die loof so welig is, is 'n byna onbegonne taak. Eerstens is dit geweldig arbeidsintensief, want al die blare moet eers van die riet afgekap word voordat dit gereed is om suikermeule toe te gaan. En die suikerriet se skurwe blare kan jou flenters sny. Dit het vlymskerp rasper-randjies.

Boonop skuil daar allerhande goggas en plae in die blare, selfs reuse swart mambas! Dit is dus 'n gevaarlike taak vir die kappers.

Die oplossing is dus om die loof eers af te brand voordat die kappery begin. Wanneer die riet brand, is dit net die loof wat afbrand en die riet sélf bly ongeskonde. 'n Verdere voordeel is dat die peste wat die suikerriet opvreet óók vernietig word.

Dit was dus 'n héél normale aand toe ek die rumoer in die suikerland onderkant ons huis hoor. Nuuskierig gaan kyk ek wat aan die gang is. ‘n Hele span werkers was opgewonde aan die

gesels, en weldra begin ‘n geel vlammetjie al op die rand van die land afhardloop. Ek hardloop en gaan roep vir Mosbolletjie en terselfdertyd gryp ek my kamera, want so naby aan 'n suikerbrand was ek nog nooit!

Op die land is die werkers bewapen tot die tande toe met enige moontlike ding wat 'n vuur kan doodslaan. As hierdie brand nie behóórlik beheer word nie, kan dit gróót chaos veroorsaak!

Die vuurtjie begin maar redelik traag, want die koel aandluggie en die drukkende humiditeit in die lug demp die honger vlamme wat begin lek-lek aan die welige

groen blare-loof. Ek wonder hoe jy dan nou groen blare kan laat brand. Probeer nou maar om 'n vuurtjie te maak met nat hout! Dit werk nie! Maar blykbaar werk dit baie anders met suikerriet, want die volgende oomblik is dit asof iemand 'n blik paraffien in die vuur gooi. Ek snak na my asem as 'n lap riet vlam vat en 'n asemrowende vuurkolom die lug in gooi. En dan bars alle hel los. Die lugruim word gevul met reusagtige vlamme wat tien verdiepings die lug in lek na die wolke. Verslae staan ek daar en aanskou hoe die vlammegeweld armsvol suikerriet gryp en

verslind. Dit bokspring en hardloop deur die groen land soos 'n reuse vuurspuwende draak uit 'n strokiesprent. En al wat dit agterlaat is kaal, swartgebrande riete, gestroop van elke stukkie groen.

Ek voel die intense hitte brand op my gesig. Dan swaai die windjie effens, en die volgende oomblik storm die muur van vlamme reg op my af. Ek deins verskrik terug, waar ek anderkant die heining staan. Verwoed storm die brullende vuur vorentoe en verswelg alles in sy pad. Die vlamme gryp-gryp na my en my hart klop wild in my keel. Gaan

die vuur betyds stop?

Op die héél laaste oomblik tref die brand die randjie van die suikerland, reg teen ons grensdraad. En so vinnig as wat dit begin het, so vinnig is hy dood.

Die brandslaners lyk héél rustig wanneer hulle die klein vlammetjies om die rand van die lap suikerriet doodslaan. Ek is stokflou van al die opwinding!

Jakobus beskryf die werking van die tong soos 'n vuur. “'n Klein vuurtjie kan 'n groot bos aan die brand steek,” skryf Jakobus in vers 5. Inderdaad het hierdie magtige suikerbrand ook maar

net begin by 'n nederige ou vuurhoutjie. En kyk net die verwoesting!

Een enkele onbesonne dingetjie wat jy sê kan 'n verwoestende “brand” veroorsaak. Ek moet bieg dat ek al 'n hele paar keer in my lewe 'n ding gesê het in die hitte van die oomblik wat baie mense bitter seer gemaak het. En dan wou ek my eie tong afbyt!

Die afgelope ruk het dinge wat mense kwytgeraak het in 'n oomblik van nie dink nie, die koerante se voorblaaie gehaal. En die hele land was woedend oor veral rassistiese opmerkings van alle kante van die spektrum.

Inderdaad moet ons baie mooi dink voordat ons iets sê, want dit kan verwoestende implikasies hê.

Maar weereens moet ons baie goed weet dat ons gewoonlik slegs sê wat uit ons hart kom. As jy jouself betrap dat jy die verkeerde dinge sê, moet jy 'n bietjie dieper gaan delf. As ek maar net my tong in toom hou ter wille van ander mense, en in my hart borrel en kook dit, dan is dit net 'n kosmetiese handeling. Ek moet gaan regmaak wat verkeerd is in my hart, want ons het immers gister gesê dat jou mond oorloop met dit wat in jou hart is.

Gebed:

Here, help my asseblief om die oorsaak van my tong se losbandigheid reg te maak.

# 10

# Bitterfontein se Soet Water

## Jakobus 3:7-12

VIDEO OUDIO

Dis 1961. Ek en maat Fanie is baie opgewonde. Ons is twee jong latte, so pas gespeen van die laerskool en met vakansie by Xai-Xai in Mosambiek. Hier was ons al dikwels, maar vandag is die groot opwinding dat ons die wêreld noord van Xai-Xai 'n bietjie gaan verken saam met Pa-hulle in ons nuwe Landrover.

So anders as die berge, klowe en kranse waaraan ons so gewoond is in die skilderagtige Waterval

Boven waar ons bly, is hierdie wêreld so plat soos 'n pannekoek. En boonop is daar nêrens 'n klip van 'n dag oud te bespeur nie. Dis net sand, sand en nogmaals sand so ver as wat jy kyk.

Maar mooi! Dit is 'n ware paradys! Lowergroen tropiese woude omsoom talle mere wat soos 'n lang string pêrels ingeryg is vir baie kilometers aanmekaar. Die string mere loop almal parallel met die see, en dit is net 'n smal strokie land wat hulle van die see skei. En natuurlik wemel hierdie mere van krokodille, monsters soos wat jy nog nóóit gesien het nie! Ons twee vergaap ons aan

die wonderwêreld wat verbygly.

Uiteindelik is ons verby die mere en draai ons see se kant toe. Na 'n draai om 'n reuse duin, is daar 'n riviertjie wat uitmond in die see. Ons hou stil en ons twee hardloop uitgelate oor die breë sandstrook na die verlate strand om eers gou 'n draai deur die brandertjies te hardloop.

Dan merk ek dit: Hoog bo teen die duin staan daar 'n half-geroeste waterpomp. Opgewonde hardloop ons daarheen. Die dag se lang ry en uitmergelende hitte het ons baie dors gemaak, en hier lok 'n waterpomp tussen niks en nêrens om ons dors te kom

les. In my gedagtes proe ek al die heerlike soet, yskoue fonteinwater van ons plaas. “Ek drink eerste!” deps Fanie, en wanneer ons uitasem by die pomp kom, moet ek die stywe hefboom op en af wikkel terwyl Fanie bakhand by die tuit staan. Helderskoon, yskoue water spuit na 'n paar pompe uit en gulsig vat Fanie 'n groot mondvol water.

Die volgende oomblik spoeg hy dit vies uit terwyl hy 'n vreeslike gesig trek. “Nee, ga! Sies!” protesteer hy. “Proe jý!”

Ek gaan staan bakhand terwyl Fanie pomp. Ek proe. Dit is die slegste brakwater wat ek in my

lewe geproe het! Amper suiwer seewater! Ons is bitter teleurgesteld.

Ek leer 'n kosbare les: Alle fonteine bring nie soet water voort soos die geval van ons plaas se fontein nie. Sommige fonteine spoeg bitter water uit! Jakobus leer nog iets verder oor fonteine: jy kry nie bitter én soet water uit dieselfde fontein nie!

Die afgelope paar dae gesels ons nou al oor die noodsaaklikheid van die beheersing van jou tong. Ons moet leer om ons woorde te tel en net mooi of opbouende dinge van ander mense te sê.

Maar daar is ook 'n ander sy aan hierdie saak, en dit is oor hoe ons met en oor God praat. Ons besef nou seker al almal hoe belangrik dit is om gereeld 'n erediens by te woon. Wat is een van die hoof elemente van 'n erediens? Lofprysing! In ons eie gemeente, Ballito Gesinskerk, is dit by ons prioriteit om erns te maak van ons lofprysing tydens ons erediens. Ons het 'n musiekspan wat, sonder om 'n konsert te maak van die erediens, die gemeentesang op só 'n manier lei en inspireer dat elkeen in die diens deeglik besef dat dit oor veel meer gaan as net lekker saamsing.

Lofprysing is hier waarlik 'n aanbiddingsgeleentheid waar ons lof betuig aan God Almagtig.

Die vraag is egter wat doen ons die res van die week? Wat gebeur Maandag wanneer jy in 'n verkeersknoop beland? Wat gebeur wanneer 'n têksie onverskillig voor jou inswaai? Is daar steeds 'n loflied op jou lippe?

En wat van Saterdagaand ná rugby by die braaivleisvuur? Veral wanneer jou span (natúúrlik die Sharks!) gewen het en die lemonadetjies vloei vryelik en julle is vrolik! Dis mos dán wanneer die grappies, waarvan die meeste so 'n halfmeter onderkant die belt

is, almal laat skater. Absoluut niks verkeerd met 'n mooi skoon grap nie, maar as hy vulgêr raak of vol vloekwoorde, dan is daar groot fout. Wanneer daar boonop nog ook disrespekvol oor die Here gepraat word of Sy heilige Naam in gedrang kom, dan is daardie fontein vrot!

'n Fontein kan nie vars én bitter water laat opborrel nie. As daardie soort gedagtes oor 'n gelowige se lippe kom, dan betwyfel jy die egtheid van sy geloof en veral die egtheid van sy lofbetuiging Sondag tydens die erediens.

Dit bring ons terug by die gedagte

waarmee ons drie dae gelede begin het, oor die beheersing van jou tong. Dit gaan nie alleen daaroor of jy iets kwetsend van of vir iemand anders sê nie. Dit gaan oor álles wat jy sê! Dit gaan oor die soort van grappies wat jy vertel, en dit gaan oor vuil taal. Dit gaan daaroor of jy God se heilige Naam ydellik misbruik of toelaat dat ander mense dit doen.

Bo alles gaan dit in die diepste sin oor die gesindheid van jou hart. As ek 'n ware persoonlike verhouding met die Here het, sál ek my tong in toom hou!

Gebed:

Here, help my asseblief om my fonteintjie skoon en vars en soet te hou.

# 11

# Ware Wysheid

## Jakobus 3:13-18

VIDEO OUDIO

Het jy al ooit geluister na die "wyse" dinge wat kwytgeraak word deur die "wyse" manne en vroue wat in die hoogste gestoeltes van ons land sit om Suid-Afrika te rig en lei op 'n vreedsame pad van welvaart en vrede? Kom ek verseker jou dat die woorde wat jy hoor, gladnie strook met die statuur van die sprekers nie! Die haat, nyd en selfsug drup soos groen paddaslym van hulle lippe af. En

hier sonder ek nie een spesifieke politieke party uit as die groot belhamel nie. Feitlik regdeur die bank kom jy agter dat die politieke leiers nie die land se belange op die hart dra nie, maar eerder hulle eie belange.

“Is daar 'n wyse en verstandige mens onder julle?” vra Jakobus moedeloos in vers 13. “Dan moet hy dit toon deur sy goeie gedrag en deur dade wat van nederigheid en wysheid getuig.”

Jakobus se brief is nie gerig op die ringkoppe in die parlement se banke nie. Dit is op jou en my gerig. Die vraag is: hoe lyk my gedrag? Hoe lyk my

Maandaglewe? Of my Vrydaglewe? Is ek dieselfde vroom outjie wat Sondag so opreg uit die hart aan die lofprysing meegedoen het? Jakobus sê dat ware Christelike wysheid in jou gedrag gereflekteer sal word, in die dinge wat jy doen. En dit is veral nederigheid wat 'n spesiale eienskap van 'n gelowige moet wees.

Jesus het vir ons gewys wat dit werklik beteken om nederig te wees. Buiten vir Sy hele lewe van vernedering, om as Baba sonder status in 'n vuil stal in die wêreld te kom, verwerp te word ens. het

Hy ook verder 'n lewe van nederigheid geleef. Anders as ander Rabbi's wat in weelde geleef het, het Hy besluit om eerder in armoede en swaarkry Sy leerskool te bedryf. Sy studente was nie bevoorregte rykmansseuns nie maar eenvoudige vissermanne. Sy vriende was die skuim van die aarde, sondaars en tollenaars. Hy het Hom bemoei met mense wat verag is – 'n Samaritaanse vrou met 'n slegte reputasie, 'n vrou wat veroordeel was omdat sy oor die tou getrap het, lammes, dowes, blindes en melaatses. En al het Hy ál die reg daartoe

gehad, het Hy Hom nooit verhef bo ander mense nie.

Hoe lyk óns nederigheid? Oordeel maar self!

Jakobus sê in vers 14 dat as naywer of selfsug enigsins deel van jou lewe is, dan is daar nie plek vir Christelike wysheid nie. Dan is die soort "wysheid" in jou "aards, nie-geestelik, demonies" (vers 15), want naywer en selfsug kweek "wanorde en allerhande gemene dade" (vers 16).

Demonies! Dit is verskriklik kras gestel! Maar dit is presies wat selfsug en naywer aan jou doen. Dit verwoes lewens!

Dan stel Jakobus egter die teenpool: “Maar die wysheid van bo is in die eerste plek suiwer,” skryf hy in vers 17. Goddelike wysheid maak dat jy nie jouself voorop stel nie. Ander mense is van groter belang as jy self. Hy gaan voort: “en verder ook vredeliewend, bedagsaam, inskiklik, vol deernis en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.”

Wanneer jy die dag begin om van jouself en jou eie belange te vergeet en ander mense eerste te stel, kom die mooi dinge in jou uit. Jy wil nie meer baklei as iemand jou te ná kom nie, maar met 'n mooi en vriendelike gesindheid,

maak jy eerder vrede. Jy raak inskiklik. Jy vloek nie meer die têksiebestuurder uit wanneer hy voor jou inswaai nie, maar jy groet hom vriendelik en maak vir hom plek.

Jy raak bedagsaam. Jy let op vir geleenthede om ander te kan help. Jy stuur 'n mooi boodskappie vir iemand wat dit nodig het. Jy bemoedig waar iemand deur 'n moeilike tyd gaan. Jy dra goeie vrugte – doen die dinge wat die Here op jou hart lê om te doen. Jy raak betrokke by die werking van die kerk: sending, barmhartigheid, lofprysing - waar jou talente ookal lê. Die laaste

twee eienskappe wat Jakobus noem, is albei baie moeilikes: onpartydigheid en opregtheid. Om onpartydig te wees, veral wanneer dit jou rugbyspan is wat betrokke is, is nie maklik nie. (Terloops, daar is natuurlik net één span, die Sharks!) Opregtheid is selfs nog moeiliker!

In vers 18 sluit Jakobus hierdie betoog af deur te sê dat hierdie wysheid jou in die regte verhouding met God bring en dat jy dit moet gebruik om vrede te maak. Inderdaad is dit 'n reuse bonus, dat deur jou lewe in te rig volgens hierdie voorskrifte van Jakobus, dit jou outomaties in die

regte verhouding met God bring.

Is dit nie uiteindelik waarom alles draai nie? Maar dit is so ironies, dat die regte verhouding met God jou ook bring by die regte verhouding met ander mense. As jou verhouding met God reg is, sal jy die dinge doen wat Jakobus hier bo vra. Maar volg jy sy voorskrifte, bring dit jou by 'n verhouding met God. Die een is onlosmaaklik verbind aan die ander.

Dan kom ons terug by gister se dagstukkie wat sê dat daar nie vars én bitter water by dieselfde fontein kan uitborrel nie.

Gebed:

Here, ek wil kies om U met my hele hart te dien.

12

# Begeertes

## Jakobus 4:1-10

VIDEO OUDIO

Jakobus skryf in vers 3: “Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle op die verkeerde manier vra.”

Rugby is op almal se lippe. Die Currybeker wedstryde het so pas afgeskop en die welslae wat die Springbokke behaal het, is nog vars in ons geheue. Iets wat ons egter deesdae baie opval oor rugby, is die feit dat baie van die spelers dit baie Godsdienstig opneem. Hoeveel keer het jy byvoorbeeld al gesien dat

wanneer ‘n speler in ekstase ‘n drie druk, dan wys hy na bo om daarmee te sê: “Ek gee al die eer aan God”? Dit is iets wat baie dikwels gebeur onder die gelowige spelers. En as jy in die kleedkamer voor ‘n wedstryd sou kon inloer, sien jy dikwels hoedat ‘n span saam bid. Ek het ook al by verskeie geleenthede gesien hoedat ‘n span na die wedstryd koppe bymekaar sit, sommer daar op die veld, en saam bid en die Here dank vir die wedstryd.

Dit laat ons met ‘n paar vrae: Waarom het die Sharks dan 'n spesifieke wedstryd gewen? Was dit omdat hulle dalk harder of

meer gelowig gebid het as die Bulle? En wat gebeur as twee spanne ewe hard bid? Watter span se gebed sal die Here verhoor? Is dit ooit reg om te bid dat jou span sal wen? Maar wat het rugby dan nou te doen met die dagstukkie?

Jakobus het in 'n vorige gedeelte die leraars aangevat. Vandag praat hy met die gelowige gemeenskap, en daar val ‘n paar baie harde woorde! Daar is verdeeldheid, onrus, rusie en kwaadpratery in die gemeente, en die vrede kan alleen herstel word as die Woord weereens heers en as die mense se begeertes

gekruisig word. Ja, dikwels is die oorsaak van stryd en rusies juis gelowiges se selfsugtige begeertes. As jy mooi gaan dink oor die tiende gebod, kom jy agter dat dit die kern is waarom die ander gebooie draai. Die tiende gebod handel oor jou begeertes. Om ‘n voorbeeld te noem: die afgelope paar jaar was gekenmerk deur verskeie gruwelike huurmoorde. Die rede was telkens iemand se onbeheerbare bose begeertes!

Daar is baie ander voorbeelde van skrikwekkende dinge wat deur begeertes veroorsaak word: die Kaapse strande word

gestroop van perlemoen om iemand se begeerte na geld, geld en nog geld te bevredig. Arm mense word hier ingesleep om die vuilwerk te doen en gevang te word. Ons land se pragtige natuurskoon word wreed geskend deur myne van allerhande soorte om ‘n paar mense stinkryk te maak. Hulle begeertes na geld veroorsaak dat duisende renosters getroop word vir hulle horings. Die ongerepte Transkeise kus en die wêrelderfenisgebied van Mapungupwe word bedreig deur myne en ‘n soeke na olie en gas. Die asemrowende natuur staar

vernietiging in die gesig, en dit slegs deur iemand se begeertes. Maar dit is nie alleen die natuurskoon wat ly onder hierdie begeertes nie, menselewens word wreed daardeur geraak.

Dit is egter nie net dáár ver wat hierdie begeertes mense raak nie. Dit is ook in ons alledaagse lewe. Om héél bo in die samelewing uit te kom is mense bereid om enigiemand wat in hulle pad staan totaal te vertrap, en dit maak nie saak hoe seer mense kry in die proses nie. Begeertes maak ook dat mense misdaad pleeg. Ons huise word gereeld beroof; transitorowe is

aan die orde van die dag; kapings is ‘n alledaagse ding; korrupsie op die hoogste vlakke; talle mense sterf in bendegeweld - al hierdie dinge word veroorsaak deur een enkele faktor: begeerte! Begeerte na geld en begeerte na mag.

“Ja,” sê jy seker, “ander mense se bose begeertes maak die lewe vir my bitter!” Die feit is egter dat slegte begeertes ons elkeen op ‘n baie meer persoonlike vlak raak. Wat maak die gelowige as hy iets wil hê? Hy bid natuurlik daarvoor. Baie mooi en edel! Die Romeinse skrywer, Plinius, het gekla dat mense die gode se ore misbruik.

Ons kerm dikwels só by God oor materiële dinge, dat ek dink Hy moeg word om na ons te luister. Ons gebede is selfsugtig, en meestal spruit dit uit ons begeertes na die materiële dinge. Jakobus sê: “Julle begeer……. en tog het julle niks, omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie, omdat julle op die verkeerde manier vra, sodat julle dit in julle wellus kan deurbring.” Harde woorde! Vir Jakobus het gebed by uitstek gegaan om wysheid. Jy moet vra dat God se Woord in jou mag groei. Ongelukkig is die grootste deel van ons gebed gewoonlik daarop gemik om ons

eie selfsugtige begeertes te bevredig. Om dit baie sterk te stel: jy vra God om jou te help om ‘n sondige mens te word!

Natuurlik is alle begeertes nie sondig nie, en natuurlik mag jy ook maar vir God dinge vra. Die groot ding is dat ons ‘n slag mooi moet gaan besin oor ons gebedslewe, en ook mooi moet gaan besin oor die begeertes wat ons in ons harte saamdra. Wat weeg die swaarste in jou lewe? Is dit ‘n begeerte na rykdom, gemak of ‘n hoë posisie? Of is jou begeerte om nader aan God te kan leef? Is dit om ‘n groot wêreldse kennis te hê, of is dit

eerder om ‘n deeglike kennis van die Woord van God te kry? Gaan jou gebed oor die oorwinning van jou rugbyspan, of gaan dit oor die oorwinning van God se Koninkryk?

Gebed:

Here, rig asseblief my gedagtes en begeertes, en leer my asseblief om reg te kan bid volgens U wil.

13

# Onafhanklik

## Jakobus 4:13-17

VIDEO OUDIO

Vanoggend wil Jakobus met ons gesels oor onafhanklikheid, of dalk eerder oor my afhanklikheid aan God.

'n Klompie jare gelede het dit finansieel met ons baie goed gegaan. Ons het 'n groot huis gehad en 'n besigheid wat gefloreer het. Van Skoonpa het ons boonop genoeg geërf om vir ons 'n boshuisie in die paradys, in Marloth Park te bou. Hier het ons ál ons vryetyd deurgebring. Dit

was heerlik salig om sorgvry te kon leef, sonder om afhanklik van enigiemand anders te wees. Ons kon geld spandeer wanneer ons wou, want daar was oorgenoeg.

Ons kon na hartelus beplan om te gaan vakansie hou wanneer ons wou. Die Bos was natuurlik ons grootste trekpleister, maar dikwels het ons dit afgewissel met die berge of die een of ander luukse tyddeel-oord. Ek was my eie baas, en ek het nie nodig gehad om iemand te smeek om verlof nie!

Maar soos met Job van ouds, het my wiele ook eendag skielik afgekom! Ons besigheid het

begin swaar trek. Ons het reuse verbande op ons eiendom geneem om ons tydelik deur die drif te trek, maar dit het net al slegter en slegter gegaan, totdat ons uiteindelik tot oor ons ore in die skuld was. My stresvlakke het ongekende hoogtes bereik. Ek kon sien hoedat ons besig was om ál ons onafhanklikheid te verloor!

Om 'n lang storie kort te maak, het ons uiteindelik alles verloor, selfs ons geliefde huisie in die Bos. En skielik moes ons leer hoe dit voel om ander mense in die oë te moes kyk vir gunstes en gawes. Ons was skielik sonder 'n

huis, en die ergste van alles, sonder enige geld om iewers 'n huisie te huur.

Een baie groot les wat ek hieruit moes leer, was om te besef hoe geweldig afhanklik ek eintlik van God was. Toe ons groot huis op 'n vendusie verkoop word vir ‘n appel en ‘n ei, beplan ek en Mosbolletjie om 'n tentjie te gaan opslaan in die karavaan park. Maar hulle wou ons nie daar toelaat nie. God het egter op 'n wonderbaarlike manier gesorg, en uit die bloute skakel iemand my en bied vir ons 'n klein woonstelletjie aan – gratis! Hoe het hy geweet in watter soort

verknorsing ons werklik was? Ek het dit dadelik ingesien as 'n wonderwerk, een van vele wat oor die volgende jare sou volg.

Jakobus skryf in vers 13-14: “Kom nou, julle wat sê: “Vandag of môre sal ons na hierdie of daardie stad gaan, en 'n jaar daar deurbring, en handel dryf en wins maak.” Julle weet nie eers wat môre gaan gebeur nie!

Ons moet baie goed besef, dat al het jy oorgenoeg rykdom, dit in 'n oogwink van jou weggeneem kan word. Daarvan is ek 'n getuie! Ons moet te alle tye ons afhanklikheid van God besef, dit bely en dit uitleef. In vers 15-16

sê hy vir gelowiges wat te seker van hulle eie saak geword het: “Julle moet eerder sê: “As die Here wil en ons nog leef, sal ons dit of dat doen.”

Maar nou spog julle oor julle hoogmoedige optrede. Hy sê dit is verkeerd om so selfversekerd te wees, dis sonde!

‘n Paar jaar gelede was ek weereens baie deeglik daaraan herinner. My dierbare Mosbolletjie se gesondheid was baie goed. Tot daardie verskriklike Saterdag oggend van 25 Julie 2015! Sy het soos gewoonlik opgestaan en 'n draai in die badkamer gaan maak. Toe sy in die kamer

terugkom, gee haar bene onder haar pad en in 'n oogwink is sy totaal verlam. Sy is gediagnoseer met Guillain-Barré Sindroom, en sy land vir ses weke lank in die intensiewe sorg eenheid en altesaam twee en 'n half maande in die hospitaal. Ons lewens is in 'n enkele oomblik totaal omgekeer. Tot vandag toe sukkel sy steeds om oor die nagevolge te kom, en sy kan slegs met moeite deur middel van ‘n loopraam loop.

Weereens moes ons baie deeglik besef hoe afhanklik ons van die Here is, en ook van ons mede-gelowiges wat ons wonderlik deur

hierdie moeilike tyd ondersteun en bygestaan het. Die verskeie selgroepe in ons gemeente het byvoorbeeld onder mekaar gereël om vir ons kospakkies te maak, gevriesde geregte wat ek net kon opwarm vir 'n heerlike ete, want vir kosmaak was daar beslis nie tyd nie. Ander het weer tougestaan om vir haar in die hospitaal te kuier. Nie eers gepraat van die menigte boodskappies van ondersteuning wat ons in ons e-pos gekry het van mense wat ons nie eers ken nie!

Hierdie verhaal vertel ek nie om simpatie te soek nie, maar om te

illustreer hoe kwesbaar ons as gelowiges werklik is, en hoe geweldig afhanklik ons van God is. Ons moet dit elke oomblik van die dag besef. Jakobus skryf in vers 14: “Julle weet nie eers wat môre gaan gebeur nie. Hoe is julle lewe dan? Dit is maar 'n miswolkie, wat net vir 'n kort rukkie verskyn en dan weer verdwyn.”

Gebed:

Here, vandag besef ek net weereens hoe afhanklik ek werklik van U is. Alles, álles is slegs genade! U is my álles, Here!

14

# Afhanklikheid

# Jakobus 4:13-5:6

VIDEO OUDIO

Gister het ons gesien hoe maklik jy jou onafhanklikheid kan verloor. Vandag moet ons vra wat dit werklik beteken om in volle afhanklikheid van God te leef? Jakobus verduidelik vanoggend hoe jy dit **NIE** moet doen nie.

Die rykes het in daardie tyd volgens die genotsbeginsel geleef, waar die vervulling van hulle eie, selfsugtige begeertes die heel belangrikste was. Vir hierdie rykes was die materiële

dinge so belangrik dat hulle nie eers ‘n gedagte gegee het aan die dieper geestelike dinge in die lewe nie. Hulle was in volle beheer van hulle eie lewens, tyd en lotgevalle en dan het hulle gespog oor die dinge wat hulle in beplanning gehad het en oor wat hulle van plan was om te doen of waarheen hulle volgende sou reis. Hulle het gespog oor hulle sakevernuf en die baie geld wat hulle gemaak het. Hoe hulle bedrywighede ander mense geaffekteer het, het hulle maar min geskeel!

Het dinge werklik verander oor die afgelope tweeduisend jaar?

Ek dink ons kan maar net rondom ons kyk om te sien dat ons steeds met presies dieselfde probleem sit. Suid-Afrika is veral ‘n land van geweldige sosiale kontraste: aan die een kant kry jy die brandarmes, en aan die ander kant die stinkrykes. En die afgelope twee jaar se pandemie het dit net vererger! Daar is miljoene mense in ons land wat in die haglikste omstandighede leef, en nie weet waar die volgende stukkie droë brood vandaan gaan kom nie. En dan is daar talle mense wat nie die einde van hulle skatte ken nie, en in die grootste weelde leef.

Die vraag is of dit dan sonde is om ryk te wees? Met die eerste oogopslag lyk dit asof Jakobus wil sê dat dit wel sonde is. Wat dan van Job? Hy was dan so verskriklik ryk, en tóg het hy so naby aan God geleef! Dit maak dan mos nie sin nie?

Kom ons kyk ‘n bietjie mooi waaroor dit éintlik gaan in hierdie gedeelte.

Onafhanklikheid is ‘n baie mooi woord. Dit beteken dat jy nie gebonde is aan ‘n ander persoon of instansie nie. As ‘n klein landjie deur ‘n groot moondheid onderdruk word vir jare, en een dag besluit die onderdrukker om

hulle vry te maak, dan is daardie nuwe onafhanklikheid wat hulle smaak heerlik soet! Nou kan hulle maak wat hulle sélf wil. ‘n Mens wil nie graag leef in afhanklikheid van iemand anders nie. As jy arm is, is jy gewoonlik afhanklik van ander mense se gunste en gawes, en dan moet jy maar maak soos húlle sê. Baie van die misdaad in ons land word bedryf onder hierdie beginsel. Diewe en kapers word in diens geneem deur sindikate, en hulle moet maak wat die grootbaas sê. Dikwels word dwelms ook op daardie manier ingespan om ‘n totale afhanklikheid van die

sindikaat te verseker.

As jy egter ryk genoeg is, het jy nie nodig om afhanklik te wees van enigiemand nie, en jy kan basies maak wat jy wil. Dit is alles baie mooi en goed, maar daar is ‘n reuse prys wat jy moet betaal vir hierdie onafhanklikheid! Hoe ryker jy is, hoe groter raak jou verantwoordelikheid en hoe moeiliker raak dit om naby God te leef. ‘n Arm gelowige besef elke oomblik van die dag sy afhanklikheid van God, want sonder die sorg van die Here kan hy nie oorleef nie. As jy ryk is, dan is daar nie die bekommernis oor waar die volgende ete

vandaan gaan kom, en of jy ooit môre nog ‘n dak oor jou kop gaan hê nie. Dit word dan só maklik om te vergeet waar jou rykdom eintlik vandaan kom en dat dit eintlik alles slegs God se genade is! Dit word dan só maklik om te beplan wat jy volgende gaan doen, dat jy baie maklik vir God uit jou beplanning kan weglaat. Wanneer jy met jou kop in die wolke leef, is dit so maklik om die ou kleintjies daar onder totaal te vergeet en as hulle onder jou voete beland, hulle net eenvoudig te vertrap.

Inderdaad ken ek skatryk mense wat só behep geraak het met hulle aardse skatte dat hulle

totaal van God en hulle medemens vergeet het. Aan die ander kant ken ek skatryk mense wat diep gelowig gebly het en in totale, nederige afhanklikheid van God leef. Dit is beslis nie ‘n maklike pad nie en so ‘n mens moet tienkeer so hard werk aan sy geloofslewe as die arm man. Vir iemand wat kan bekostig om die lewe ten volle te geniet en hom te enige tyd te kan oorgee aan wêreldse genot is dit soms bitter swaar om nee te sê daarvoor. En vir so ‘n persoon om homself te verneder om op die vlak van die eenvoudige arme te kom is ewe moeilik. Ja, soos wat

armoede skielik vir Job getref het, so moet die ryk gelowige ook gedurig leef met die gedagte dat sy rykdom in ‘n oogwink van hom weggeneem kan word. Die onsinkbare Titanic met al sy rykdom aan boord het binne ‘n uur totaal vergaan. Alles was verlore!

As jy dalk ryk is - moenie saam met jou rykdom sink nie. Deel dit met die behoeftiges voordat dit te laat is, en besef jou totale afhanklikheid van God.

Gebed:

Maak my asseblief elke oomblik van die dag bewus van my totale

afhanklikheid van U, Here.

15

# Wagtyd

# Jakobus 5:7-20

VIDEO OUDIO

In vers 7 spoor Jakobus ons aan met die woorde: “Wees geduldig, broers, tot met die wederkoms van die Here.”

Om geduldig te sit en wag, is nie maklik nie! Die vraag is vanoggend: hoe wag ‘n mens geduldig? En daarmee moet ons dan ook die vraag vra: Hoe wag ‘n mens **NIE** geduldig nie?

‘n Boer skoffel sy landerye skoon, trek elke bossie uit en wag dat die reën moet kom. Dit help nie om

ongeduldig te raak of om moed te verloor nie, veral as hy sien dat die kos in die skure begin opraak. Elke boer besef maar ál te goed dat hy beslis nie reën kan maak nie, en dat dit slegs God is wat dit vir hom kan gee. As jy wil boer, moet jy baie gou leer van jou totale afhanklikheid van God. En dan, presies op die regte tyd – op Gód se tyd, gee Hy die reën. Hy gee die vroeë sowel as die laat reëns.

God gryp inderdaad in mense se swaarkry en lyding in. Dikwels gryp Hy baie anders in as wat ons van Hom vra of wat ons dalk verwag. Maar een ding is séker:

uiteindelik gaan die gróót oes kom met Jesus se wederkoms.

Wagtyd kan ondraaglik moeilik raak, veral as jy ongeduldig begin raak. Dit gebeur dan ook dikwels dat jy jou wagtyd verkeerd deurbring. Wie het dan nou nie al vir 'n uur of twee in 'n dokter se spreekkamer sit en wag nie? En dit nadat jy 'n afspraak gemaak het vir 'n spesifieke tyd! Wat gebeur gewoonlik daar met jou gemoed? Dit begin borrel en kook in jou van ongeduld. Jy begin iets mompel van "dokters wat gedisorganiseerd is." Jy kritiseer sonder dat jy weet wat die ware toedrag van sake is. Binne 'n kort

tydjie het jy ál die ander mense in die wagkamer ook opgewerk en die arme ontvangsdame moet dit ontgeld!

Jakobus wil in vers 9 ons dit op die hart druk: “Moenie oor mekaar kla nie, broers, sodat julle nie veroordeel word nie. Die Regter staan al voor die deur.” Hierdie is een voorbeeld wat Jakobus noem van hoe ons **NIE** wagtyd moet deurbring nie. Ons moet byvoorbeeld nie teenoor mede-gelowiges kritiek lewer nie. Kritiek speel mense teenoor mekaar af en dryf gelowiges uitmekaar. Kritiek is baie selde opbouend. Dit breek jou eerder af en maak

seer. As jy die dag dan móét kritiek lewer, dan moet jy dit biddend en met groot omsigtigheid doen en baie, báie seker maak dat die persoon dit in die regte lig sal sien en nie daardeur seergemaak voel nie. As jy onseker is oor hoe hy dit gaan opneem, moet jy liewer stilbly. As gelowiges het ons juis mekaar só nodig, want die wêreld daar buite dreig om ons te verswelg. Daarom moet ons mekaar eerder bemoedig en ondersteun as om kwaad te stook of enigsins iets te sê wat dalk verkeerd opgeneem kan word en kan seermaak.

In vers 12 vermaan Jakobus oor ‘n ander verkeerde manier om die wagtyd deur te bring, naamlik om ‘n eed af te lê. Kom ons wees nou maar eerlik met mekaar: gewoonlik sweer ‘n persoon - lê hy dus ‘n eed af as hy die ander party om die bos wil probeer lei. So sal 'n man byvoorbeeld vir sy vrou, wat onraad vermoed, dit op die hart lê dat hy “sweer” dat hy haar nog nooit, óóit verkul het nie. En dit terwyl hy voor sy siel weet dat hy die kat in die donker geknyp het met sy sekretaresse tydens die een of ander kantoorpartytjie!

Deur te sweer, roep jy God as

getuie in van jou onskuld! Jy vra dan eintlik vir God om saam met jou te lieg sodat jy jou eie bas kan red! Daardie onskuldige “ek sweer” is dan gladnie meer so onskuldig nie. Dit is eintlik 'n baie ernstige saak, wat 'n wig indryf tussen jou en God.

Selfs in die hof skilder iemand dikwels ‘n totaal ander prentjie as wat werklik gebeur het, en dit nadat hy ‘n eed voor God afgelê het dat hy die waarheid en niks anders as die waarheid sal praat nie. Hier in die hof raak die saak eintlik nog véél erger, want nie alleen roep jy God valslik as getuie in nie, maar jy is verder

ook besig om nie minder nie as twee van die Tien Gebooie te verbreek. Die derde gebod lui, dat jy die Naam van die Here nie ydellik mag gebruik nie. Deur 'n vals eed in die hof af te lê, word die misbruik van God se heilige Naam hier in die eerste plek verbreek. Dis egter nie al nie, want saam daarmee verbreek jy ook die negende gebod, waar God jou pertinent beveel om nie vals getuienis af te lê nie!

Dit gaan egter nóg verder, want deur te lieg in die hof, verbreek jy ook een van die landswette. Jy pleeg meineed, 'n strafbare kriminele oortreding!

Jakobus pleit in vers 12 dat as jy "ja" sê, dan moet dit "ja" wees en as jy "nee" sê, dan moet dit "nee" wees. Praat, met ander woorde, altyd die waarheid!

Gebed:

Here, ek staan diep skuldig voor U, want ek het al dikwels in my lewe die waarheid verdraai. Vergewe my asseblief Here, en help my om die waarheid uit te leef, elke dag.

16

# Om Geduldig te Wag

## Jakobus 5:7-20

VIDEO OUDIO

Gister het ons die vraag gevra: Hoe wag jy geduldig? Jakobus het baie duidelik vir ons gewys op die gevare daaraan verbonde om te sweer. Vanoggend wil ons die saak 'n bietjie verder neem, want dit gaan nie alleen oor 'n eed nie, maar dat jy te alle tye die waarheid moet praat en uitleef.

Wanvoorstellings van enige aard teenoor ‘n medemens sal veroordeel word. Ons leef juis in ‘n tyd waar lieg en bedrieg mode

geword het. Op die hoogste vlakke van ons land se regering en in die sakewêreld is bedrog, omkopery, toesmeerdery en liegstories aan die orde van die dag. Tydens die pas-afgehandelde Zondo Kommissie het ons verstom gestaan oor al die liegstories en hoe mense kleigetrap het om uit die moeilikheid te kom!

Verkoopsmanne hemel hulle produk op terwyl hulle voor hulle siel weet dat die ding niks werd is nie. Om 'n eiendomsagent te wees is seker een van die moeilikste werke vir 'n gelowige. As jy nie die foute aan 'n eiendom

vir die koper uitwys nie, is jy besig om daaroor te lieg. Doen jy dit wel, is die verkoper vir jou kwaad. En boonop sukkel jy om dit verkoop te kry. Dis nie maklik nie!

As daar by jou huis ingebreek is, las jy maar ‘n klompie items by die skade, nét sodat die versekeringsmaatskappy jou behóórlik kan uitbetaal. Jy moet mos iets uitkry vir al die premies wat jy oor die jare betaal het! Of hoe? Dis bedrog!

Hierdie is maar enkele voorbeelde van hoe jy **NIE** die wagtyd moet deurbring nie. Wat is dan die regte manier? As dinge vir jou moeilik raak, en jou

emosionele vlak op ‘n laagtepunt is, is die antwoord om te bid. Gesels met die Here en vertel Hom van jou probleme. Ons het in ‘n ander hoofstuk gesien dat om te bid ook beteken dat jy na God se stem luister. Só kry jy nuwe krag en moed om daardie probleme vierkant in die oë te kan kyk.

En as jy die dag opgeruimd is, sing ‘n loflied! Sodoende gebruik jy ook jou tong baie produktief terwyl jy op die Here wag. Om ‘n loflied te sing beteken nie letterlik dat jy juis moet sing nie. Om 'n “loflied te sing” kan ook beteken dat jy praat oor wat Jesus in jou

lewe vir jou beteken.

Om te sing is 'n wonderlike ding. Dit is seker een van die beste geneesmiddels vir 'n swaar gemoed of wanneer jou stresvlakke hemelhoog is. En nou praat ek nie van melancholiese tranetrekkers om te wys hoe jy voel nie. Sing iets opgeruimd! As jy dan boonop iets sing wat God verheerlik, is dit 'n dubbele bonus. “Dit borrel in my, want ek is só bly: Jesus het my lief! Dit borrel al meer en ek kan dit nie keer: Jesus het my lief!” Een van my gunsteling liedjies! Dit is genoeg om die swaarste gemoed sommer nuwe vlerke te gee!

En wat gebeur wanneer jy die dag siek is? Daardie jare was olyfolie die mees algemene “wondermedisyne.” Vandag het ons wonderlike medikasie vir feitlik elke soort siekte. Neem jou medisyne, maar moenie vergeet wie die Groot Geneesheer is nie! Dus moet ons steeds vir mekaar se genesing bid, al drink jy jou medisyne. Ook om ons sondes teenoor mekaar te bely is soos medisyne vir die siel, en groot laste kan daardeur van jou skouers afval. Bid vir mekaar, en moenie bang wees om “jammer” te sê as jy ‘n fout gemaak het of iemand tená gekom het nie.

Wagtyd is om hande te vat met diegene wat afgedwaal het, en diegene wat geval het weer op te help. Wagtyd is om bruikbaar te wees terwyl jy wag. Ek ken 'n hele paar mense wat net eenvoudig nie kan sit en niksdoen terwyl hulle wag nie. Die hande moet die hele tyd besig bly, hetsy dit breipenne of 'n hekelnaald is. Of dalk om 'n gesprek met iemand aan te knoop in opregte belangstelling. Moontlik iemand wat moedeloos saam met jou sit en wag op te beur.

Wagtyd is om, ná die einde van Jakobus se brief, aangespoor te wees om die inhoud van hierdie

heerlike, besielende brief met ander mense te gaan deel. Dit kan dalk iemand wees wat afgedwaal het, onverskillig lewe of nie die sin daarin sien om te leef volgens God se wil nie. So word die einde van die brief weer die begin van ‘n splinternuwe era.

Ek wil jou vanoggend uitnooi om jou wagtyd vrugbaar te spandeer soos wat die Here van my en jou vra om dit te doen.

Gebed:

Here, help my asseblief om my wagtyd produktief deur te bring tot eer en verheerliking van U wonderlike Naam, en tot heil van

my medemens.